

**15 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 149:1-9(NAV)**

**Fokusgedeelte: Psalm 149:5**

**Jubel, selfs op jou bed**

Ons assosieer baie maal ons beddens met worsteling en trane. Die plek waar ek, wanneer dit stil geword het om my, kan bid tot my God my Vader oor die swaarkry en beproewings in my lewe.

In Psalm 4:5 en Psalm 6:7 (OAV) kry ons hierdie selfde gedagte, die bed wat die plek van worsteling en trane geword het. En dan staan Psalm 149:5 in kontras met hierdie gedagte, want hier is die bed die plek van "jubel".

Die rede hiervoor is omdat God goed is vir sy volk en aan hulle as hulpeloses die oorwinning gee. Deur die krag en mag van God het die volk Israel 'n oorwinning behaal wat as waarborg vir toekomstige oorwinnings dien, maar ook vir die finale oorwinning in die Messias. Nou het die volk nuwe rede tot lof en jubel, ja, selfs lof en jubel op hulle bed. Hierdie oorwinning het alle vrese en twyfel vervang, nou is daar nie tyd om met God te worstel wanneer dit stil raak in die bed nie, maar alleen God se lof en eer te besing.

Ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges het soveel meer rede om op ons beddens te jubel, want die finale oorwinning in die Messias was vir die volk van God nog slegs 'n onvervulde belofte, maar vir ons 'n vervulde belofte. Hierdie oorwinning wat Jesus Christus behaal het, oorskadu al ons swaarkry en beproewings, want niks kan ons van God se liefde skei nie (Rom 8:37-38 NAV).

God se genade en liefde in Jesus Christus moet al ons trane op ons beddens vervang met jubel en lof, want onder leiding van die Heilige Gees is ons daartoe in staat, selfs te midde van slegte lewensomstandighede (Fil 4:13 OAV).

*Sing: Psalm 149:3 (1936)*

*Ds AN du Plessis (Postmasburg)*